**Dinsdag 2 Februarie**

**Skrifgedeelte: Markus 8: 34-38; HK Sondag 5, Vraag 12**
**Fokusgedeelte: Markus 8:37**

## Van straf bevry en genade verkry – kan dit?

Aan die einde van die vorige afdeling van ons belydenis het dit duidelik geword dat die mens vanweë sy sondes eintlik in ’n donker tronk van God se oordeel toegesluit is. Ons het gesien dat God se regverdige oordeel rus op die mens wat deur sy moedswillige ongehoorsaamheid die rug op God gekeer het en na Satan geluister het. Weens sy sonde het dit vir die mens onmoontlik geword om God se wet volmaak te vervul. Daarom is alle mense die dood skuldig – die ewige dood. Vanuit hierdie noodsituasie hoor ons nou die vraag na en die roepstem om verlossing.

Dit verbaas ’n mens ook nie dat die mens wat sy sonde as skuld voor God leer ken het en weet dat God se tydelike en ewige straf op hom rus, nou gaan vra: “Hoe kan ek van my skuld en straf vrykom? Of in die woorde van Christus: *“Wat sal ’n mens gee as losprys vir sy siel (lewe)?”*

Die woord *losprys* het hier ’n besondere betekenis. Dit dui op geld of goedere wat betaal moet word om iemand uit ’n noodsituasie te red, iets ongeveer soos die hedendaagse boete, maar tog ook meer as dit. So sou ’n slaaf in die ou tyd sy vryheid kon kry deur ’n sekere losprys aan sy eienaar te betaal. In Eksodus 21:28-31 kry ons die insiggewende uitspraak oor die losprys insake ’n stoterige bees. As ’n bees ’n man of vrou stoot sodat die persoon sterf, moet die bees doodgemaak word. As die bees egter al tevore stoterig was en die eienaar gewaarsku is, maar hy tog niks daaraan gedoen het nie en die bees dan iemand stoot dat hy sterwe, moet die bees doodgemaak word en *“die eienaar van die bees moet ook doodgemaak word ... As hy egter loskoopgeld moet betaal, moet hy alles wat hom opgelê is betaal as loskoopgeld vir sy lewe.”*

As Christus nou hierdie woord gebruik en vra: *“Wat sal ’n mens gee as losprys vir sy siel (lewe)?”*, dan wys dit op die ontsettende nood waarin die mens vanweë sy sonde verkeer, en Hy vra wat ’n mens kan betaal om uit hierdie nood verlos te word. Dit lyk of daar geen hoop op verlossing is nie, want *voor* die gevangenis staan die regterstoel van God en *daaragter* wag die ewige oordeel van God se regverdige straf op die sonde.

In die lig hiervan is dit vir die berouvolle kind van God ’n heerlike troos dat hy na Christus aan die kruis kan kyk en kan sing: *“Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het”* (Skrifb. 8:2).